higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BYKOMSTIGHEDE N5

14 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 C
1.1.2 D
1.1.3 E
1.1.4 F
1.1.5 G
1.1.6 J
1.1.7 A
1.1.8 I
1.1.9 B
1.1.10 H

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1
- Dhurrie
- Sykussings
- Olifantmotiewe
- Beeldjies

1.2.2
- Berber matte
- Marokkaanse lamp
- Egiptiese motiewe

1.2.3
- Turkse matte
- Gekleurde glas lampe (‘Stained glass lamps’)
- Helder gekleurde Turkse keramiekware met tradisionele patrone

1.2.4
- Sjinese lampe
- Draakmotiewe
- Rooi sykussings

1.2.5
- Sierkool (‘Cabbage roses’)
- Teestelle
- Patroon-op-patroon in bedbedekkings (’throws’), matte, en strooikussings

(5 × 3) (15)

1.3 1.3.1 Gebruik gevormde blomkuns of blommerangskikkings as ń dekoratiewe bykomstigheid.

1.3.2 Ornamentele naaldwerk is waar stukkies materiaal in verskillende vorms en patrone aanmekaar gestik word om ń groter stuk, prent of patroon te vorm.

1.3.3 Japanese pottebakkery word tradisioneel in tee-seremonies, meestal in die vorm van Chawan tee bakkies gebruik.

1.3.4 Die aksie of kuns om knope in garing te maak om matte of ander dekoratiewe items te maak.

1.3.5 ń Vorm van naaldwerk waar stukke materiaal in ń groter ontwerp aaneengestik word. Die groter ontwerp is gewoonlik gebaseer op die herhaling van patrone wat opgebou word uit verskillende geometriese vorms (of kleure). Hierdie vorms is maklik om aanmekaar te sit, en word versigtig uitgemeet en gesny.

(5 × 3) (15)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Smaak en styl – smaak is ń individu se persoonlike en kulturele patrone van keuse en voorkeur. Smaak is om onderskeid te tref tussen dinge soos styl, maniere, verbruikersgoedere en kunswerke wat hieraan verwant is. Sosiale ondersoek van smaak gaan oor die menslike vermoe om te oordeel wat is mooi, goed en behoorlik.

2.1.2 Verhouding en skaal – In kuns is die verhouding tussen ń objek/item en die menslike liggaam belangrik. Wanneer ons die skaal van ń kunswerk waarneem, vergelyk ons die grootte daarvan met die grootte van ons liggame. Verhouding verwys na die relatiewe grootte van dele van ń geheel.(‘elemente binne-in ń objek/item).

2.1.3 Rangskikkingspatrone vir groeperings in uitstallings of behangsels – ‘n uitstalling is gewoonlik drie-dimensioneel, en behangsels twee-dimensioneel. Twee-dimensionele rangskikkings maak gebruik van illusionére vorms (‘shapes’) tewyl drie-dimensionele rangskikkings gebruik maak van die werklike vorms (’forms’).

2.1.4 Kontemporêr en modern – Moderne ontwerp verwys na ń era wat verby is, terwyl kontemporêre ontwerp alles is oor die nou en die toekoms. Die Art Deco ontwerp van die 1920s of enigiets van toe af tot die vintage styl van die 1970s kan modern genoem word.

2.1.5 Grootte en Vorm (‘shape’):
Vorm (‘Shape’) is die voorkoms, die figuur of werklike vorm van iets. Dit kan ń driehoek (3 sye), vierkant (4 gelyke kante), ń reghoek (4 kante) ens. Wees. Grootte is die mates of dimensies. Omdat ń notaboek reghoek is, kan die grootte gespesifiseer word deur die lengte en breedte.

(5 × 5) (25)

2.2 2.2.1 Loodkristal-glas (‘Leaded Glass’) – algemeen kristal genoem, is ń verskeidenheid van glas waar lood die kalsiuminhoud van tipiese potas-glas vervang. Word gebruik vir glase met stele (‘stemware’) en juwele.

2.2.2 Gekleurde glas (‘Stained Glass’) – Dit is glas wat gekleur is deur metaalsoute gedurende die vervaardigingsproses by te voeg. Die gekleurde glas word in loodglasvensters gebruik waar klein stukkies glas gerangskik word in vorms of prente, wat aanmekaargehou word deur stroke lood en wat ondersteun word deur ń stewige raam. Geverfde details en geel as kleur word gereeld gebruik om die ontwerp te verbeter. Die term gekleurde glas (Stained Glass’) is ook van toepassing op vensters waar die glas geverf en dan saamgesmelt word in ń oond (‘kiln’).

2.2.3 Skuinsgesnyde glas (‘Bevelled Glass’) – word gemaak deur dik glas te gebruik en ń skuins oppervlaksnit rondom die totale omtrek te sny. Die skuinsrand dien as ń prisma in die son, wat interessante kleurverspreiding veroorsaak. Dit beklemtoon die glaswerk en voorsien ń spektrum van kleure wat normaalweg afwesig sou wees in helder bladglas. Word gebruik in spieëls, rame, koffietafelblaaie ens.

(3 × 5) (15)
[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Japanese eetborde, kleinbordies en bakkies met ‘n vierkantige-rand.
- Netjies opmekaat gestapel
- Bamboesplekmatjies en eetstokkies (‘chopsticks’)

3.1.2
- Franse ontbyt – Met ń Frans-gedekte tafel, word eetgerei geplaas in die volgorde waarin dit gebruik gaan word. Die eergerei die verste van die bord, is die wat eerste gebruik gaan word.
- Die vurke work links van die bord neergesit maar die skerp punte (‘tines’) wys af vir ń Frans-gedekte tafel. Indien die skerp punte (‘tines’) op wys is dit ń Engelse styl gedekte tafel.
- Plaas die messe aan die regterkant van die bord met lemme wat binnetoe wys.
- Lepels, soos vurke dui aan watter tipe tafel gedek word (Wys op vir Engels of af vir Frans). Die formaliteit van ń gereg bepaal waar dit gedek word. Die poedinglepel kom bo die bord vir ń informele tafel, maar vir ń formele Franse styl, word die lepels saam met die poeding na die tafel gebring.
- Indien die spyskaart ook Frans is, kan addisionele eetgerei benodig word. Oester- en fonduevurkies word langs die mes gedek en die slaktange, langs die vurk.

Kopiereg voorbehou

3.1.3 Engelse teepartytjie – Elegante teekoppies en pierings met bypassende teepotte. Koekbord met ń verskillende vlakke (‘tiered’) en ń koekstaander met ń voetstuk. Dekoratiewe tafeldoek met ń tafelkleed (‘overlay’) en bypassende servette – patroon op patroon. Konfytpotjies en ramekins vir bykomstighede (‘accompaniments’) - room –dun of dik room in melkbekertjies. Dekoratiewe eetgerei – teelepels, koekvurkies, koekspane etc.
Gelaagde (‘layered’) voorkoms met baie detail.

3.1.4 Griekse Meze Middagete – wit tafeldoek met ń tafelkleed (‘overlay’) en bypassernde servette of gebruik blou en wit blokke of gestreppte linne. Wit breekware eenvoudig gedek. Maak seker daar is genoeg plek op die tafel om verskeie meze opdienborde neer te sit.- baie voorgeregte op individuele borde wat rondgestuur word om die tafel. Die kos is die belangrikste, nie die tafelversierings nie.

3.1.5 Die Suid-Afrikaanse braai – potjiepotte en knyptange wat gebruik kan word saam met dekoratiewe slaabakke en opdienborde vir braaibroodjies.
Dekoratiewe tafeldoeke en servette verteenwoordig die verskillende kulturele verwysings in die land, in helder kleure en patrone.

(5 × 5) (25)

3.2 3.2.1 Mandjies (‘Basketry’)- hang mandjies in ń kombuis met kruie. Mandjies met blomme in die ingangsportaal. Mandjies vir vars brood en rolletjies op die etenstafel.

3.2.2 Silwer – Silwer teepot, ń versameling silwer teelepels en vurkies geraam en opgehang, of silwer eetgerei in ń eetstel.

3.2.3 Boeke – Om ń muureenheid of boekrak vol te maak, op ń koffietafel as ń gesprekstuk, of ń versamelaarsitem in ń uitstalruimte.

3.2.4 Spieël – Geraam op ń muur, as ń toonbankoppervlak in ń kroegarea, of as ń tafeloppervlak op ń eetkamertafel, drupmatjies.

3.2.5 Horlosies – Toonbank-, Kombuis-, Muur-, Staanklok-, Langkasklok-, Oupaklok-, Oumaklok-, en Kleindogterklok-horlosie.

(5 × 3) (15)
[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Van Gogh – ń Hollandse Post-Impressionistiese skilder wat tel onder die mees bekendste en invloedrykste figure in die geskiedenis van Westerse kuns. In net meer as ń dekade het hy ongeveer 2 100 kunswerke, insluitend omtrent 860 olieverf skilderye, meeste van hulle in die laaste twee jaar van sy lewe. Dit sluit in landskappe, sitllewes, portrette en selfportrette en word gekenmerk deur helder kleure en dramatiese impulsiewe en ekspressiewe kwaswerk wat bygedra het tot die fondasie van moderne kuns.

4.1.2 Gustav Klimt – ń Oostenrykse simboliekskilder en een van die mees prominente lede van die *Vienna Secession*-beweging. Klimt is bekend vir sy skilderye, muurskilderye en tekeninge, sowel as ander *objets d'art.*. Klimt se hooftema was die vroulike figuur en sy werke word gekenmerk deur openlike erotika. Behalwe vir die vroulike figure, wat simboliek/fabels (‘allegories’) en portrette insluit, het hy ook landskappe geskilder.

4.1.3 Edvard Munch – Noorweegse skilder, bekend vir sy werk
‘The Scream’ wat een van die mees ikoniese skilderye in wêreldkuns is.
The Scream is Munch se bekendste werk en een van die mees herkende skilderye van alle kuns. Dit word wyd geinterpreteer as verteenwoordigend van die universele angs van die moderne mens. Geskilder met breë bande van helder kleure en hoogs vereenvoudigde vorme, geskilder vanaf ń hoë hoek. Dit verklein die gepynigde figuur tot ń bedekte kopbeen in die ondraaglike pyn van ń emosionele krisis.

4.1.4 Andy Warhol – ń Amerikaanse kunstenaar, regisseur, en vervaardiger en was ń leiersfiguur in die visuele kunsbeweging bekend as pop-kuns. Sy werk ondersoek die verhouding tussen artistieke uitdrukking, die kultuur van beroemdheid, en die advertensiewese wat floreer het teen die 1960s. Hy gebruik ń wye verskeidenheid media, insluitend skilder, syskermdrukwerk, fotografie, film, en beeldhouwerk. Sommige van sy bekendste werke sluit in die syskermdruk-skilderye van Campbell's Soup blikkies (1962) en Marilyn Diptych (1962).

(4 × 5) (20)

4.2 4.2.1 Kaggel – Kaggelrak (‘mantel’), Haard (‘hearth’), spieël, skilderye en fotos wat bo die kaggel hang en die houtstompe binne-in. Kaggelskerm met tang, ‘poker’, en ander gereedskap.

4.2.2 Kamerverdelers- Skerms van hout, bedek met materiaal, traliewerkpanele (‘fretwork’) of boekrakke of rakke met ornamente en boeke wat die eenheid volmaak en dus ń vertrek verdeel. Shoji skerms, opklapdeure (‘stackable doors’) ens.

4.2.3 Gange – muurpanele (‘panelled walls’), dado panele bo en onder, prent-relings, dekoratiewe kroonlyste, muurpapier bedekte mure of dele daarvan. Tafellopers, kelims, skilderye, ‘uplights’, downlights’, dekoratiewe ornamente (‘pendants’).

4.2.4 Deure - Koper deurkloppers (‘knockers’), skarniere, handvatsels, deure met panele, kothuis panele ingeset in dekoratiewe glas bv gekleurde glas of wasige glaspatrone (‘opaque’).

(4 × 5) (20)
[40]

VRAAG 5

Nota aan merkers:
Hierdie is ‘oop vraag en moet op meriete gemerk word: 1 feit - 1 punt.

5.1 Toepaslik vir ń naaldwerkstudio, gordyn terugbinders (‘tiebacks’), kralewerk, fraiings, tossels en gordynreling-einpunte (‘finials’). (10)

5.2 ń Spesiale stoel (‘occasional chair’), strooikussings, ń skinkbord met ń waterbeker en glase, tafellamp(e). (10)

5.3 Matte, muurligte prente, aansteekbord, dado reling. (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou